higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N4

(6030154)

25 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 1 addendum.

097Q1B2025

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES AAN TOESIGHOUERS

1. DRIE uur word vir die voltooiing van hierdie vraestel toegelaat. Dit sluit die invoer van data en die druk van antwoorde in.

2. In die geval van 'n kragonderbreking of rekenaar- of drukkerweiering, moet die werklike tyd wat verlore gegaan het vir die betrokke kandidate bygevoeg word.

3. Geen DRUKSTUK sonder 'n EKSAMENNOMMER en WATERMERK moet aan die kandidate uitgedeel word nie. Geen DRUKSTUK sonder 'n EKSAMENNOMMER en WATERMERK sal nagesien word nie.

4. DRUKSTUKKE moet nie aanmekaargekram word nie. Kandidate sal gepenaliseer word indien DRUKSTUKKE aanmekaargekram is.

5. Hoegenaamd geen DRUKSTUKKE mag uit die eksamenlokaal verwyder of in die snippermandjie gegooi word nie. Toesighouers moet alle foutiewe DRUKSTUKKE inneem en dit op 'n veilige plek bewaar.

6. Geen vraestelle mag uit die eksamenlokaal verwyder word voordat EEN uur sedert die begin van die laaste eksamensessie op die dag van die eksamen verstryk het nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Slegs DRIE uur word vir die eksamen toegelaat. Dit sluit die invoer van data en die druk van antwoorde in. Geen ekstra tyd sal vir drukwerk toegelaat word nie.

Kopiereg voorbehou

5. Druk slegs op EEN kan van die papier.

6. Rangskik DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde, en lewer slegs in wat vereis word. Indien jy aaneenlopende papier gebruik, skei die velle van mekaar voordat jy dit inlewer.

7. Geen DRUKSTUKKE mag aanmekaargekram word nie.

LET WEL: **VYF punte sal afgetrek word:**

- **Indien DRUKSTUKKE nie in die korrekte volgorde is nie**
- **Indien aaneenlopende papier nie geskei is nie**
- **Indien op albei kante van die papier gedruk is**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Gebruik 'n woordeverwerkingsprogram om die volgende vrae te beantwoord. Gebruik dieselfde nommering as in die vraestel. Voeg jou EKSAMENNOMMER (werkstasienommer) (linksbelyn), AFDELING A (gesentreer) en vandag se datum (regsbelyn) as kopskrif in. Druk die dokument. **[2]**

VRAAG 1

Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Tik slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.7)

1.1 'n Batige banksaldo op 'n bankstaat sal as 'n (debiet/krediet) gereflekteer word.

1.2 (Uitset/Inset) -belasting is BTW wat gehef word op die aankoopprys van goedere wat aangekoop is.

1.3 'n Klant se (gedetailleerde grootboek/inskrywings[*listing*]) -drukstuk vertoon 'n uiteensetting van al die klant se transaksies vir 'n bepaalde tydperk.

1.4 'n Mens (kan/kan nie) by inskrywing in enige joernaal na die hoofrekening pos indien die hoofrekening subrekeninge het/(nie).

1.5 Die VAT201-vorm moet saam met die betaling voor of op die (25ste/30ste) van die maand ingedien word.

1.6 Wanneer verskaffers korting vir vroeë betaling toestaan, is die bedrag aan (geen/15%) BTW onderworpe.

1.7 Wanneer 'n rugsteunkopie geïnstalleer word, word ('n stel boeke herstel/'n rugsteunkopie van 'n stel boeke gemaak).

(7 × 1) **[7]**

VRAAG 2

2.1 Verduidelik kortliks waarom dit belangrik is om die depositostrokienommer as verwysing vir kontantontvangste te gebruik wanneer bankrekonsiliasie gedoen word. (2)

2.2 Gebruik die inligting hier onder om die vrae te beantwoord.

	UITSETBELASTING		INSETBALASTING	
	BELASTING	INGESLUIT	BELASTING	INGESLUIT
Staandaard	-9 782,61	-75 000,00	5 869,57	45 000,00
Slegte skuld	0,00	0,00	2 021,74	15 500,00

2.2.1 Bereken die BTW betaalbaar of terugbetaalbaar aan/deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens. Toon die berekeninge. (4)

2.2.2 Is die bedrag betaalbaar of terugbetaalbaar? (1)

Kopiereg voorbehou

2.3 Wanneer beginsaldo's (*take-on balances*) aan die begin van 'n finansiële jaar verwerk word, word die saldo's na periode 12 van die vorige jaar gepos.

Gee TWEE redes hiervoor. (2 × 2) (4)
[11]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

INSTRUKSIES

1. Maak die rekeningstelsel van EduLearn (LEARN), wat reeds op jou rekenaar gelaai is, oop. Indien jy 'n netwerk gebruik, verseker dat jy die stel rekeninge gebruik wat vir jou werkstasie gelaai is.

2. Om te verseker dat jou EKSAMENNOMMER (werkstasienommer) op alle drukstukke verskyn, doen die volgende voordat jy die vrae beantwoord:

3. Kies *SETUP*.

4. Kies *COMPANY PARAMETERS*.

5. Kies *COMPANY DETAILS*, kies die maatskappynaamafdeling en klik op *Educational Number*.

6. Druk *CTRL* + *SHIFT* + *T* en voeg jou EKSAMENNOMMER (werkstasienommer) in die blok in wat verskyn.

7. Klik *OK*.

Me. L. Freeman is die eienaar van EduLearn en sy het jou genader om die inskrywings vir Maart 2020 te doen. EduLearn-produkte word plaaslik vervaardig en leer kinders hoe om te leer en terselfdertyd pret te hê.

Die volgende opstelling is reeds in EduLearn se boeke gedoen:

Jy moet die opstelling van die parameters voltooi soos onder BYKOMENDE PARAMETEROPSTELLING (3.11) aangedui is. Berei die res van die transaksies vir Maart 2020 (Periode 1) voor.

PARAMETEROPSTELLING

3.1 TIPES INSKRYWINGS

NOMMER	TIPE INSKRYWING
01	KB 1 Betaling (Kontantbetalingsjoernaal)
02	LB 1 Ontvangste (Kontantontvangstejoernaal)
03	KB 2 Betalings (Kontantbetalingsjoernaal)
04	KB 2 Ontvangste (Kontantontvangstejoernaal)
05	Algemene Joernaal
06	Klantejoernaal
07	Verskaffersjoernaal
08	Klante-kortingsjoernaal
09	Verskafferskortingsjoernaal
10	Joernaal vir slegte skuld
11	Joernaal vir rente gehef
12	Voorraadjoernaal

3.2 TYDPERKE

Edulearn se finansiële jaar loop van 1 Maart 2020 tot 28 Februarie 2021.

3.3 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Die onderneming is vir BTW-doeleindes geregistereer en maak twee maandelikse betalings aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens. BTW word op 'n faktuurbasis aangeteken. Verwys na die ADDENDUM (aangeheg) vir die toelaatbaar aftrekkings op insetbelasting. BTW word teen 15% bereken.

Kopiereg voorbehou

3.4 VERSKAFFERS

VERSKAFFERS-KODE	VERSKAFFERS	60 dae	30 dae	Huidig
EL001	iKnow Verskaffers	100,00		300,00
EL002	Designer Mart			
EL003	Relay Learn		200,00	

3.5 KLANTE

KLANTKODE	KLANT
CZ99	Kontantverkope
CUS1	BP Zangane
CUS3	M Cadle

3.6 VOORRAAD

Die onderneming se voorraadstelsel word op 'n deurlopende basis met 'n rekenaarprogram bygehou. Alle voorraadaankope word op grond van aankoopnotas gedoen en alle verkope deur middel van die gerekenariseerde faktuurstelsel.

Voorraadpryse word teen 75% op kosprys verhoog.

Belasting word op alle voorraadaankope en -verkope uitgesluit behalwe waar dit anders op die fakture aangedui word.

Die volgende voorraadkodes en prys (BTW uitgesluit) geld:

KODE	BESKRYWING	EENHEID	KOSPRYS	VERKOOP-PRYS
AFL	Afleweringskoste	P/km		R5,25
MM003	Wiskunde	Elk	R857,14	R1 500,00
RD002	Lees	Elk	R684,57	R1 198,00
SC005	Wetenskap	Elk	R714,29	R1 250,00
SD001	Vaardigheidsontwikkeling	Elk	R2 000,00	R3 500,00
SP004	Spelling	Elk	R570,86	R999,00

3.7 BETALINGSKODES

- 2,5% korting binne 60 dae
- 7,5% korting binne 30 dae
- 10% korting binne 14 dae

Kopiereg voorbehou

3.8 ALGEMENE-GROOTBOEKREKENINGE

KODE	BESKRYWING	SALDO
1000/000	Verkope	
2000/000	Aankope	
2010/000	Aanvangsvoorraad	
2020/000	Sluitingsvoorraad	
2850/000	Slegte skuld verhaal	
3150/000	Slegte skuld	
3050/000	Reklame en promosies	
3200/000	Bankkoste	
3450/000	Waardevermindering	
3600/000	Skenkings	
3650/000	Elektrisiteit en water	
3850/000	Versekering	
4200/000	Drukwerk en skryfbehoeftes	
4300/000	Huurgeld betaal	
4400/000	Salarisse en lone	
4600/000	Telefoon en faks	
5100/000	Kapitaal	?
5200/000	Behoue inkomste/Opgelope verlies	
5400/000	Trekkings	24 850,00
6200/000	Voertuie	
6200/010	Voertuie: Koste	500 000,00
6200/020	Voertuie: Opgelope waardevermindering	50 000,00
6300/000	Kantoortoerusting	
6300/010	Kantoortoerusting: Koste	
6300/020	Kantoortoerusting: Opgelope waardevermindering	
7700/000	Handelsvoorraad	
8000/000	Klantekontrole	
8400/000	Bank (oortrekking)	15 000,00
8410/000	Kleinkas	850,00
9000/000	Verskafferskontrole	600,00
9500/000	BTW-kontrole	12 400,00
9990/000	Beginsaldo	

3.9 OPENINGSALDO'S (*TAKE ON BALANCES*)

Gebruik die inligting in VRAAG 3.4 en VRAAG 3.8 hier bo om die beginsaldo's van die verskafferrekeninge volgens die ouderdomsontledings op 29 Februarie 2020 en die beginsaldo's van die algemene-grootboekrekeninge op 29 Februarie 2020 in die betrokke joernale te voltooi. Gebruik inkrementverwysings (*increment references*). Gebruik SALDO as beskrywing. Moenie belasting gebruik nie. Druk en werk die lotte (*batches*) by.

3.10 GEVRA

3.10.1 Gebruik die brondokumente en inligting wat hier onder verskaf is om die transaksies in die toepaslike joernale aan te teken en dokumente in die boeke van EduLearn te skep.

3.10.2 By die inskrywing van gerekenariseerde brondokumente, kies die opsie om belastingpersentasies in die lyninskrywings in hierdie dokumente te vertoon.

3.10.3 Gebruik die rekeningstruktuur vir die Algemene Grootboek wat opgestel is. Indien daar geen rekening is om die transakie in te skryf nie, skep sodanige rekening.

3.10.4 Druk al die dokumente nadat dit voltooi is. Wanneer joernale gedruk word, kies *Print With Contras*.

3.10.5 Werk die dokumente en joernale by.

3.10.6 Verwys na die ADDENDUM (aangeheg) vir die toelaatbaar aftrekkings op insetbalasting.

3.10.7 Jy moet die bankrekonsiliasie vir Maart 2020 doen. Moenie die kontantbetalings- en kontantontvangstelot bywerk tot nadat die bankrekonsiliasie gedoen is nie.

3.10.8 Gebruik die verwysingsrekonsiliasiemetode vir die bankrekonsiliasie.

3.10.9 Kyk bladsy 19 vir 'n volledige lys DRUKSTUKKE wat vir nasien ingelewer moet word. DRUKSTUKKE moet in dieselfde volgorde as op bladsy 19 ingedien word. VYF punte sal afgetrek word indien DRUKSTUKKE nie in die korrekte volgorde is nie.

3.11 BYKOMENDE PARAMETEROPSTELLING

Die besonderhede op die opstellingskerms vir klantedokumente en verskafferdokumente is onvolledig. Gebruik die inligting hier onder om hierdie besonderhede te voltooi:

- Volgende verskafferfaktuurnommer: SI20201.
- Kredietnotanommer: CRE001.
- Belastingfaktuurboodskap: Dankie vir u ondersteuning.
- Indien daar geen bepalings vir vroeë betaling vir 'n faktuur is nie, skep/voeg die spesifieke bepaling in.

Kopiereg voorbehou

4. KREDIETFAKTURE (PERIODE 1)

Belastingfaktuur RL 123

Posbus 23
Risiville
VEREENIGING
1940

RELAY LEARN



BTW-REG: 9517534682

☎ 011 656 1060 🖷 011 656 1066

06/03/2020

AAN:	EduLearn Canterburysingel 13 SANDTON 2055	Bepalings:	10% Handelskorting 2,5% Korting binne 60 dae

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidprys	Totaal
15	Wiskunde	875,14	13 127,10
10	Lees	684,57	6 845,70
5	Vaardigheidsontwikkeling	2 000,00	10 000,00
		Subtotaal	29 972,80
		10% Korting	2 997,28
			26 975,52
		15% BTW	4 046,33
		Totaal	31 021,85

DESIGNER MART

Belastingfaktuur: DM98

Aan: EduLearn
Canterburysingel 13
SANDTON
2055

Jim Fouche-weg 7
ROODEPOORT 1700

✆ 011 668 6868

BTW-REGNR: 1472580369

12/03/20

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidprys		Bedrag	
		R	C	R	C
5	Vertoonstaanders	5 750	00	28 750	00
1	Kleurdrukker	8 625	00	8 625	00
10	Bokse drukkerpapier	115	00	1 150	00
			TOTAAL	R38 525	00
15% BTW INGESLUIT					

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

BELASTINGFAKTUUR

BFT123

FIRST LEARN-VERSKAFFERS

BTW: 3216504789

Tel: 012 658 8765
Faks: 012 658 8766
Sel: 062 123 4567

Stonehedgeweg 179
CENTURION
0157

24 Maart 2020

AAN:EduLearn
Canterburysingel 13
SANDTON 2055



Hoev	Beskrywing	Prys	Bedrag
30	123Slim	789,00	23 670,00
20	Wetenskap	714,29	14 285,80
10	Spelling	570,86	5 637,24
		Subtotaal	43 593,04
Bepalings:		5% Korting	2 179,65
7,5% korting binne 30 dae			41 413,39
5% handelskorting		15% BTW	6 212,02
		TOTAAL	R47 625,41

- Skep die bostaande verskaffer met kode EL004. Die kontakpersoon is Diaan van Zyl, e-pos: info@learnfirst.co.za, Posbus 17, CENTURION, 0158. Kredietlimiet: R50 000,00.
- Laat 1,25% korting op Spelling toe.
- 123Slim is 'n nuwe voorraaditem. Skep die nuwe voorraaditem met kode 1C006. Eenheid: Elk. Sleutel die kos- en verkoopprys in.

5. TERUGSENDINGS AAN VERSKAFFERS (PERIODE 1)

DATUM	VERSKAFFERS	REDE
10/03/20	Relay Learn	2 Lees – Pakkies beskadig
16/03/20	Designer Mart	3 Bokse papier – Verkeerde grootte

6. KREDIET- EN KONTANTVERKOPE (PERIODE 1)

- CZ99 is die kontantverkoperekening wat vir kontanttransaksies gebruik word.
- Voeg die name en adresse van alle kontantklante op die dokument in wat geskep is om kontantverkope aan te teken – gebruik die afleweringsadresveld.
- Alle kontantklante ontvang 10% korting.
- Me. Freeman het opdrag gegee dat die volgende boodskap op die eerste belastingfaktuur van alle nuwe klante moet verskyn: Alle nuwe klante ontvang 10% korting met hul tweede aankope.
- Alle nuwe kredietklante ontvang 'n betalingskorting van 15% binne 30 dae na ontvangs van die faktuur, tensy ander bepalings geld.

DATUM	KLANT	ITEM AANGEKOOP	BEPALINGS VIR VROEË BETALING EN KORTING
09/03/20	BP Zangane	3 Wiskunde 2 Vaardigheidsontwik-keling Aflewering: 75 km	12% korting binne 30 dae 6% handelskorting
18/03/20	SL Mawisa (Kontant) Mainstraat 123 JOHANNESBURG 2000	5 Wetenskap 3 Spelling 1 Wiskunde	
27/03/20	Wise Mind Posbus 27 VEREENIGING 1939	3 Lees 2 Wiskunde 1 123Slim Aflewering: 75 km	7,5% faktuurkorting

- Wise Mind is 'n nuwe klant. Gebruik klantkode CUS3 en die volgende besonderhede:

53 Raymondstraat 52
Risiville
VEREENIGING 1940

Tel: 016 423 5354
Faks: 016 423 5355
BTW-Reg nr: 6547891236

Kontakpersoon: Zuzile Dladla
Selfoonnommer: 084 567 9876
E-pos: sales@wisemind.co.za
Kredietlimiet R25 000,00

7. TERUGSENDINGS DEUR KLANTE (PERIODE 1)

KLANT	DATUM	BESONDERHEDE VAN TERUGSENDINGS
Wise Mind	30/03/2020	(1) Wiskunde – Verkeerde bestelling (1) 123Slim – Nie volgens bestelling

Kopiereg voorbehou

8. KONTANTONTVANGSTE (PERIODE 1)

Duplikate van kwitansies uitgereik

EDULEARN		**Duplikaat**		
KWITANSIE				
Datum:	12/03/2020	**Nr.: 75**		
Ontvang van:	BP Zangane			
Vir betaling van:	Volle betaling van rekening			
Die bedrag van:	???			
			???	??
Met dank:	*M Koma*			

EDULEARN		**Duplikaat**		
KWITANSIE				
Datum:	13/03/2020	**Nr.: 76**		
Ontvang van:	Chené Raman			
Vir betaling van:	Huur vir April 2020			
Die bedrag van:	Vyftien duisend rand			
	Geen sente		15 000	00
Met dank:	*M Koma*			

Kopiereg voorbehou

EDULEARN		**Duplikaat**		
KWITANSIE				
Datum:	31/03/2020	**Nr.: 77**		
Ontvang van:	Aby Williams (Wise Mind)			
Vir betaling van:	Aflos van rekening			
Die bedrag van:	???			
			???	??
Met dank:	*M Koma*			

Kontant ontvang volgens die kasregisterrolle

18/03/20
KRR10
R11 123,15



Duplikaat van depositostrokies

CHASE BANK			**Depositostrokie**	DEP01
13/03/2020		**Rekeningnommer:**	0605040302	
Krediet:	**EDULEARN**	**Kasboek**		
Bankstempel	**Naam van trekker**	**Bankrekening**	**Takkode**		
	1. BP Zangane	ABC	987654	11 392	53
	2. C Raman	FNB	258761	15 000	00
			TOTAAL	26 392	53
Inbetaal deur:	*M Koma*				

Kopiereg voorbehou

CHASE BANK			Depositostrokie		DEP02
23/03/2020			Rekeningnommer:	0605040302	
Krediet:	EDULEARN		Kasboek		
Bankstempel	Naam van trekker	Bank	Takkode		
	1. SL Mawisa	ABSA	951753	11 123	15
	2.				
			TOTAAL	11 123	15
Inbetaal deur:	*M Koma*				

CHASE BANK			Depositostrokie		DEP03
31/03/2020			Rekeningnommer:	0605040302	
Krediet:	EDULEARN		Kasboek		
Bankstempel	Naam van trekker	Bank	Takkode		
	1. Aby Williams	NBS	186347	???	??
	2.				
			TOTAAL	???	??
Inbetaal deur:	*M Koma*				

9. TJEKBETALINGS (PERIODE 1)

Datum:	*02/03/20*
Aan:	*FINAC Bank*
Vir:	*Vaste deposito (3,5% p.j.) (Rekening 6500/000)*
Bedrag:	*R75 000,00*
	TJE001

Datum:	*05/03/20*
Aan:	*Office Stationers*
Vir:	*Lêers en papier*
Bedrag:	*R3 456,78*
	TJE002

Datum:	*10/03/20*
Aan:	*Cellcom*
Vir:	*Lugtyd (Lugtyd van R1 000,00 vir eienaar ingesluit)*
Bedrag:	*R2 345,00*
	TJE003

Datum:	*16/03/20*
Aan:	*iKnow Verskaffers*
Vir:	*Betaling van rekening Korting R20,00*
Bedrag:	*R380 00*
	TJE004

Datum:	*20/03/20*
Aan:	*Sandton-munisipaliteit*
Vir:	*Water en elektrisiteit*
Bedrag:	*R4 657,89*
	TJE005

Datum:	*26/03/20*
Aan:	*Relay Learn*
Vir:	*Betaling van rekeninge (Geen korting op beginsaldo) (Skep NOTA1 om berekening van korting en bankbedrag te toon)*
Bedrag:	*???*
	TJE006

Kopiereg voorbehou

10. KLEINKASBETALINGS (PERIODE 1)

Datum: 03/03/20 **Nommer: KKB01**		 **EDULEARN** **KLEINKASBEWYSSTUK**	
Bedrag:	R234,56	**Vir:**	Checkers: Tee, koffie, melk, suiker
Goedgekeur deur:	*Me Freeman*		

Datum: 13/03/20 **Nommer: KKB02**		 **EDULEARN** **KLEINKASBEWYSSTUK**	
Bedrag:	R250,00	**Vir:**	Aby May – skoonmaak van kantoor
Goedgekeur deur:	*Me Freeman*		

Datum: 23/03/20 **Nommer: KKB03**		 **EDULEARN** **KLEINKASBEWYSSTUK**	
Bedrag:	R350,00	**Vir:**	Hiday Hospice – skenking
Goedgekeur deur:	*Me Freeman*		

Kopiereg voorbehou

11. BANKSTAAT ONTVANG (PERIODE 1)

Darlingtonweg 50
PRETORIA 0081



CHASE BANK
Bankstaat

Datum: 31 Maart 2020
Staatnr.: 01
Tjekrekening: 0605040302

EduLearn
13 Canterburysingel 13
SANDTON 2055

DATUM	BESONDER-HEDE	DEBIET (-)	KREDIET (+)	SALDO
01/03/20	Saldo	15 000,00		15 000,00-
02/03/20	S/O01	2 345,67		17 345,67-
03/03/20	Kontant-hanteringsfooi	56,78		17 402,45
05/03/20	TJE001	75 000,00		92 402,45
09/03/20	TJE002	3 456,78		95 859,23-
13/03/20	DEP01		26 392.53	69 466,70-
16/03/20	DO01	15 000,00		84 466,70-
18/03/20	Jaarlikse bankfooi	567,89		85 034,59-
23/03/20	DEP02		11 123,15	73 911,44-
25/03/20	TJE005	4 567,89		78 479,33-
27/03/20	Deposito		80 000,00	???
30/03/20	Belastingheffing	125,52		???
31/03/20	NA	1 177,19		???

BYKOMENDE INLIGTING

11.1 Identifiseer en skryf alle bankkoste in.

11.2 Skep 'n rekeninge vir rente op oortrekking en skryf die debiet op 31 Maart 2020 in.

11.3 S/O01 is vir die maandelikse advertensie in *Time Press*.

11.4 DO01 is vir huur ten gunste van Cullinan Estate.

11.5 Die deposito op 27 Maart was vir 'n bekomende kapitaalbydrae deur die eienaar, L Freeman.

Kopiereg voorbehou

12. Voltooi die volgende aansuiwerings aan die einde van die maand vir Maart 2020. Die laaste notanommer wat gebruik is, was 10. Druk die joernale. Kies *Print With Contras*.

NOTA

01/03/2020	Bereken en skryf die waardevermindering op voertuie teen 10% in volgens die verminderdesaldo-metode. Toon die berekening in die beskrywingveld. Rond af tot die naaste R10.

NOTA

31/03/2020	Voorraadhoeveelhede soos volg:			
	Wiskunde	10	Lees	5
	Wetenskap	13	Spelling	5
	Vaardigheids-ontwikkeling	3	123Slim	28
	Teken die voorraadopnamehoeveelhede aan. Teken die oordrag van sluitingsvoorraad aan.			

NOTA

31/03/2020	Martin Cadle se saldo van R2 345,67 moet as oninvorderbaar afgeskryf word.



31/03/2020	'n Bedrag van R567,89 was vir die telefoonrekening. Dit is na die water-en-elektrisiteitrekening gepos. Stel die fout reg. (Ignoreer die BTW).

13. DRUKSTUKKE (Periode 1)

Die volgende drukstukke moet in die volgorde soos hier onder aangedui, ingedien word. Die gerekenariseerde dokumente moet in die korrekte numeriese volgorde gesorteer word.

13.1	Verskaffersjoernaal (Februarie 2020) 	(4)
13.2	Algemene Joernaal (Februarie 2020)	(6)
13.3	Gerekenariseerde brondokumente (Maart 2020)	
	Verskafferfakture	(21)
	Debietnotas	(7)
	Belastingfakture	(23)
	Kredietnotas	(10)
13.4	Lotlyste (*batch listing*) met inskrywings wat geskep is (Maart 2020)	
	Verskaffersjoernaal	(11)
	Verskafferkortingsjoernaal	(7)
	Kontantontvangstejoernaal (na bankrekonsiliasie)	(15)
	Kontantbetalingsjoernaal (na bankrekonsiliasie)	(20)
13.5	Bankrekonsiliasiestaat soos op 31 Maart 2020 	(5)
13.6	Kasboekbesonderhede van die Kleinkasbetalingsjoernaal (Maart 2020) (Sluit beginsaldo in)	(8)
13.7	Lotlyste (*batch listings*) met inskrywings wat geskep is (Maart 2020)	
	Joernaal vir slegte skuld	(6)
	Algemene Joernaal (aansuiwerings)	(8)
	Voorraadwaardasie	(4)
	Voorraadjoernaal	(5)
13.8	Ouderdomsontleding van verskaffer (Maart 2020) (*Print Description, Show Details - Full, Print Zero Items – Yes, Balance Range – Both*)	(8)
13.9	Klantinskrywing van Wise Mind (Toon besonderhede) (Geen *User Defined Fields*)	(5)
13.10	NOTA1 van Relay Learn 	(3)
13.11	Inkomstestaat (Maart 2020) (Moenie *Zero Items* druk nie) (Druk *Detailed Lines*)	(4)
		180
	TOTAAL AFDELING B:	**180**
	GROOTTOTAAL:	**200**

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM

Toelaatbare aftrekkings op insetbelasting

	Is BTW gehef?		Inset-BTW aftrekbaar	
	JA	**NEE**	**JA**	**NEE**
Reklame en promosies	X		X	
Slegte skuld verhaal	X		X	
Slegte skuld	X		X	
Bankkoste				
Kontanthanteringsfooie	X		X	
Jaarlikse bankfooi	X		X	
Kontantdepositofooi	X		X	
Belastingheffing		X		X
Skenkings		X		X
Elektrisiteit en water	X		X	
Versekering	X		X	
Rente		X		X
Kantoortoerusting	X		X	
Drukwerk en skryfbehoeftes	X		X	
Eiendomsbelasting en diensgeld		X		X
Verversings	X		X	
Huur	X		X	
Salarisse en lone		X		X
Telefoon en faks	X		X	
Voertuie	X		X	

Kopiereg voorbehou